

KINDERKERK LES: Praise and worship

Vrae aan kinders:

- Watter dae is vir julle baie belangrik en spesiaal? (Kersfees, verjaarsdae, ens)
- Wat doen julle om daardie spesiale te vier? (Eet lekker, hou partytjie, ens)
- Wanneer kan ons ons liefde vir God vier?

Sê: Het julle geweet dat wanneer ons Woensdae en Sondae so sing in die kerk, dan is ons besig om ons liefde vir God te wys en vir Hom te sê dat Hy awesome is? Ons noem hierdie sing vir God Praise and worship.

Ysbrekers 1:

Kyk gou na jou maatjie langs jou se hare, kyk of jy kan tel hoeveel hare daar op hulle kop is. Kan jy dit tel? Hoekom nie? Weet jy wat, daar IS iemand wat weet hoeveel hare jy op jou kop het! Wie kan dit wees?

Jesus sê in Matt 10:30 - van julle is selfs die hare op julle kop almal getel. So God weet presies hoeveel hare op jou kop is al weet die haarkapper nie.

Kyk gou na jou maatjie langs jou se vingers - hoeveel is daar - kyk na jou hand en sy/haar hand - lyk dit dieselfde? Hoekom nie? Want Iemand het jou gemaak, spesiaal, anders as enige ander mens op aarde.

Ek het nou maar net 'n klein bietjie vertel van hoe groot en amazing God is, daar is nog soveel meer wat ons oor Hom kan sê. Dit is hoekom ek daarvan hou om te sing vir God. Ek vertel Hom hoe Hy 'great' Hy is deur te sing en te dans.

Kom ons sing sommer nou so twee liedjies om God te vertel hoe great Hy is.

- Glory
- I'm gonna jump
- Hosanna

Vrae aan kinders:

- Hoe dink julle voel God wanneer ons Hom so prys met ons sang?
- Hoe voel jy wanneer jy so sing vir God?
- Hoekom dink julle is dit goed om vir God te sing?

Storie en aktiwiteit: (Print voor die tyd van die palm blare uit en skryf instruksies op dit.

Daar is 'n storie in die Bybel ook van mense wat Jesus se naam groot gemaak het en so gesing en dans het. Kom ons luister gou wat gebeur het. Terwyl ek die storie vertel, gaan ons ook 'n paar dingetjies doen.

Koning Jesus (Markus 11:1-11; Lukas 19:28-40)

Jesus en Sy dissipels gaan na Jerusalem. Naby die stad gaan Jesus staan en roep twee van Sy dissipels. "Sien julle daardie huisie?" vra Hy. "Daar sal julle 'n jong donkie kry wat vasgemaak is. Maak hom los en bring hom hier. En as iemand vir julle vra wat julle maak, moet julle antwoord: "Die Here het hom nodig." (Haal eerste palmtak uit met salueer instruksie op. Laat al die kinders staan en salueer- soos soldate in weermag en hulle nou missie het om die donkie te gaan haal.)

Die twee dissipels maak so en kry die donkie net soos Jesus gesê het. Hulle maak hom los en die donkie se baas vra: "Hoekom maak julle die donkie los?" Die dissipels sê: "Die Here het hom nodig." (Haal tweede palmtak uit. Kinders moet 'n thumbs up wys so asof hulle die baas van die donkie is wat wys dis reg.)

Hulle bring die donkie na Jesus en sit van hulle klere op sy rug. Jesus klim op die donkie en begin aanstap. Die dissipels loop saam. 'n Klomp ander mense ook. Hulle gaan almal Jerusalem toe. (Haal derde palmtak uit. Kinders moet rondstap in vertrek asof hulle nou op 'n ver pad gaan stap.)

Die mense sing en prys God omdat Hy Jesus na die aarde toe gestuur het. Jesus is die Seun van God. Hulle Prys die Here omdat Jesus sulke wonderlike dinge doen. Hy maak siekes gesond. Hy maak dooies lewend en laat blinde mense sien. En dowes hoor. Jesus het vir ons kom wys hoe lief God ons het. (Haal vierde palmtak uit. Kinders moet vir maatjie langsaan hulle sê Jesus is lief vir hulle.)

Hieroor sing en juig die mense. Party gooi hulle klere voor die donkie, ander gooi palmtakke in die pad. "Hier kom die Koning!" roep hulle. (Haal vyfde palmtak uit. Kinders moet nou buig soos voor 'n koning.)

(Geneem uit Ons eie kleuterbybel, bl126, Juliana Nothnagel, Johann Strauss)

Kom ons sing ook nou liedjies vir Jesus soos daardie mense gemaak het.

- King of Majesty
- Joy

So wanneer ons praise en worship geniet ons onself, en dis vir ons lekker, maar ons moet altyd onthou, dit gaan nie oor ONS nie. In die praise gedeelte maak ons God se naam net groot en ons dans en sing hard. Wanneer ons begin worship, raak ons rustig, die musiek raak oor rustig en hoe ons dans, lyk dan ook anders.

Aktiwiteit:

Gee vir elke kind 'n inkleurblaai met kryte en gems.

Sê: Weet julle dat selfs die engele vir God sing? Ek dink dit moet seker pragtig wees om so engelekoor te hoor sing. Ons gaan nou bietjie inkleur. Is die engeltjies nie pragtig nie? Julle gaan nou mooi moet deel met die kryte, want ons gaan hulle spesiale klere inkleur. Die engeltjies wat musiekinstrumente speel se klere gaan ons blou inkleur. Die engeltjies wat sing se klere gaan ons pers inkleur.

(Wanneer die kinders klaar is, gaan ons afsluit met twee liedjies. Die laaste een gaan 'n worship liedjies wees sodat hulle die idee kan kry van hoe worship liedjies klink.)

Sê: Ons gaan nou afsluit met ons laaste twee liedjies. Het julle lekker gesing? Ons laaste liedjie gaan 'n worship liedjie wees. Onthou ons het mos gesê dis ons bietjie stadiger liedjies waar ons ook nie so spring soos met ons praise liedjies nie. Ons dans bietjie anders.

- Say to the Lord
- Leef in my

Sluit af in groepe met gebed.